***Die owerste val deur die mandjie***

**147** By die oewer sê die owerste aan sy kollegas: "Dit het julle goed gedoen, want julle skynbare optrede teen my, waarvoor ek julle met my swye die teken gegee het, het net in tyd gekom! Nou is hulle uitgetel en weet nie meer wat hulle moet doen nie! As die drie aangekondigdes nou maar net nie kom nie; hulle is die enigstes wat dit nog vir ons moeilik kan maak! Veronderstel dat hulle ook nog die beroemde Násarener by hulle sou hê! Ja, sou dit so wees, val ons reusagtig deur die mandjie! Dan help niks ons meer nie!

[2] Na my mening moet ons nou probeer om so vinnig moontlik op see te kom en lynreg na Jerusalem gaan, want as die aangekondigdes eenmaal daar is, kan dit dalk gladnie meer moontlik wees nie! Cyrenius het die bewakers teruggetrek, niks staan meer in ons pad nie! Laat ons dus `n paar honderd meter hoër langs die oewer op gaan, dan sal ons daar wel `n vaartuig van `n Griekse visser aantref waarop hy ons in veiligheid kan bring!"

[3] **Die kritikus** sê: "Maar die volkswagte uit die stad! Hoe sal ons hulle vryspring? Want hulle sal agter struikgewasse op ons loer, en as hulle ons pak, is ons ook verkoop!"

[4] **Die owerste** sê: "Ja, dit is `n wanhopige besigheid! Wat sou jy daarvan sê as ons brutaalweg `n geleide vir ons veiligheid sou eis van Cyrenius?! Gesien die keiserlike dokument kan en mag hy ons dit nie weier nie! Gaan jy daarheen en doen dit!"

[5] Die kritikus doen dit. Maar Cyrenius het voor die tyd al raad by My gevra en Ek vertel hom toe natuurlik alles wat die fariseërs aan die oewer gesê en besluit het. Cyrenius weet nou waaraan hy toe was, en wat hy in die eerste instansie moes gedoen en gereël het.

[6] Toe die kritikus sy eis so brutaal en gebiedend moontlik aan Cyrenius stel, sê **Cyrenius**: "Vriend, die oorkonde het my wel eers laat skrik, want ek het toe nog nie geweet dat dit vals was nie! Maar omdat ek nou baie ander inligting hieroor gekry het, is ek nou nie meer verskrik nie en sal ek volstrek nie aan die eis van u owerste inwillig nie!

[7] Gaan sê u aan die owerste dat hy die bewese oorkonde dadelik aan my moet uitlewer, anders sal dit met geweld van hom afgeneem word. As hy egter probeer om die dokument te vernietig, dan kan hy vandag nog reken op die kruisiging! - Gaan heen en sê dit vir hom!"

[8] **Die kritikus** buig daarna diep en verwyder hom, bewend oor sy hele lyf. Toe hy by die owerste aankom, stotter hy van angs: "Ons het ... verloor! Die vervloekte, valse dokument ... het die kroon ... gesit op ... ons skurkstreke! ... As dit nie vandag ... is nie, dan ... tog seker more ... aan die kruis! ... Oorhandig sonder slag of stoot die vervloekte dokument dadelik aan die opperstadhouer, anders hang jy vandag nog aan die kruis!...- `n duiwel moes jou verraai het! ... Cyrenius is met alles op hoogte!"

[9] Toe **die swart geselskap**, insluitend die owerste dit hoor, word hulle uitermate mismoedig en die owerste neem die dokument, gee dit aan die spreker en sê: "Hier, vat hier en bring dit weg. Ons het verloor, want hiermee het ons laaste hoop in rook verdwyn!"

[10] **Die kritikus** doen dit toe, bring die dokument na Cyrenius en sê: "Geëerde gebieder, hier is die dokument! Ons is baie groot en growwe misdadigers, en doen nou net nog `n beroep op u menslike hart!"

[11] **Cyrenius** vat die dokument, lees dit deur en sê na `n tydjie: "Kyk eers hier, dit is nou slinks! Sê my nou net met watter geleentheid die owerste aan hierdie Garta alba* gekom het!" *(* blanco volmagt)*

[12] **Die kritikus** sê: "Geëerde meester, ek weet baie, maar dit weet ek werklik nie! As owerste het hy hierdie dokument reeds van Jerusalem af saamgebring hierheen. Wie van hulle dit daar gekry het, weet ek nie!"

[13] **Cyrenius** sê: "Maar is u wel seker dat hy dit al van Jerusalem af saamgebring het?"

[14] **Die kritikus** sê: "Hy het ons dit laat sien en daaroor gepraat, en ons toe op die hoogte gestel van sy mag. Dit is alles wat ek weet, meer sal ook niemand van ons weet nie!"

[15] **Cyrenius** vra verder: "Hoe het hy hom dan verder as mens gedra?"

[16] **Die kritikus** antwoord: "Ek weet van niks sleg oor hom nie. Hy het sy amp altyd streng en volgens die Judese gees vervul. Dat hy wel sy invorderings nou nie juis op `n baie barmhartige wyse opgeeis het nie, is bekend, maar daar is bykans geen geval aan my bekend waar hy hom ooit te hard teenoor iemand gedra het nie. Dit kan wees dat hy vroeër baie op sy gewete gehad het, wat hy ons natuurlik nooit vertel het nie, maar sedert sy aanstelling hier is niks aan ons bekend nie, behalwe dat hy gister tydens die wonderlike voorval werklik te veel aangedring het op offers. Die volk het egter self die meeste aanleiding daartoe gegee!"

[17] **Cyrenius** vra verder: "Het die owerste al dikwels van die dokument misbruik gemaak?"-

[18] **Die kritikus** antwoord: "Tot op hede het ons niks daarvan gemerk nie."

[19] **Cyrenius** vra: "Is dit alles die suiwer waarheid, wat u my nou vertel het?"

[20] **Die kritikus** sê: "Geëerde meester, ek sal sterf as daarvan volgens my wete ook maar één jota onjuis is!"

[21] **Cyrenius** sê: "Goed dan! Gaan en sê aan die owerste dat ek hom nou wil spreek, en dat hy daarom hierheen moet kom, want ek wil eers sien wat daar in dié geval nog vir u gedoen kan word!"

[22] Die keer gaan die kritikus al met meer moed en minder koors na die owerste toe terug en dra die boodskap aan hom oor. Die owerste dink `n bietjie na en sê dan: "Wel, wat kan ons nog meer hier doen - die speletjie met `n vriendelike gesig saamspeel?! Dit is altyd beter om `n bietjie te verloor as alles!"

### *Die bekentenis van die owerste*

**148** Toe begeef **die owerste** hom na Cyrenius toe en sê: "Hier staan `n magtelose nou voor u. Hy het hom `n tyd lank ingebeeld dat hy as mens van hierdie aarde ook al die regte, waarvan slegs die mense van hierdie aarde hulself bedien, vir homself kon gebruik. Maar hy het hom misreken, hoewel hy self `n rekenkundige kunstenaar was, en het tot die oortuiging gekom dat die verhewene geen ander verhewene langs hom kan duld nie! Daarom wil ek van nou af aan een van die allernederigstes wees, miskien is ek dan meer aanvaarbaar vir die verhewenes!"

[2] **Cyrenius** sê: "Dit is baie verstandig van u! Maar sê my nou maar net waarom u uself anders aan my voordoen as wat u is! Ek het u tog as vriend die hand gereik en u het dit weggeklap! Wat wou u dan eintlik daarmee bereik het?"

[3] **Die owerste** sê: "Stel vir uself eers `n hoë, menslike funksie voor! Daaraan kleef daar altyd `n geheime hoogmoedsteken, waarop staan 'eer en mag van die funksie'! Dit maak dat `n mens baie maklik daardeur begin te sondig. As `n mens gewoond geraak het om so te sondig, word `n mens blind en doof en gaan altyd hoër deur te sondig. Jammer genoeg kom `n mens beslis eenmaal op `n hoogte waar staan: ‘Net tot hier en geen halwe stap verder nie!' Daardie punt het ek nou bereik, en ek sal baie bly wees om so vinnig moontlik baie diep benede te wees! Agt en sewentig jaar is ek nou reeds, en ek verwag verder weinig meer! Van nou af aan wil ek my slegs met die suiwer goddelike besighou, as u my nog die kort oorblywende deel van my lewenstyd wil skenk!"

[4] **Cyrenius** sê: "Gaan, - daar digby die huis van Markus sal u aan `n tafel brood en wyn vind! Versterk u daarmee en dan sal ons die saak besleg nog voordat die aangekondigdes aankom!"

[5] Die owerste trek nou `n vrolike gesig, dank en gaan vinnig na die gedekte tafel. Die ou het behoorlik honger en dors en die voorstel kom hom baie goed te pas.

[6] Maar terwyl die oue hom versterk, gaan **Ek** na Cyrenius en sê aan hom: "So is dit goed, jy het die saak baie goed gelei. Ook die getuienis wat jy oor die Násarener gegee het, was baie goed. Maar dit is nog te vroeg die om hierdie mens aan My voor te stel. As die saak op dieselfde wyse verder gelei word as tot nou toe, sou dit wel moontlik kon wees om hierdie mense vir ons te wen. Maar om oorhaastig te handel, kan dit heeltemal bederf.

[7] Ek sal Rafael nou tot jou beskikking stel. Hy sal doen wat jy hom opdra, maar wees versigtig met wonders! Laat niks doen vir die herstel van die nog gloeiende stad nie, ook al is die engel baie goed in staat om die hele stad in één oomblik weer te restoureer. Want Ek wil dat hierdie plek gedurende `n tyd nederig bly en dat Markus en sy kinders uiteindelik diegene sal wees wat die plek weer op die been sal help. Al die ander mag hy vir jou doen - maar altyd met `n sekere, bepaalde versigtigheid!"

[8] **Cyrenius** sê: "Meester, wat gaan U intussen doen?"

[9] **Ek** sê: "Ek sal in jou omgewing bly en My, netsoos tot nou, as buitestander gedra. As jy nou teen die middag `n skip sien aankom, gaan dan na die oewer en ontvang die aankomelinge in My Naam. Sê egter vir hulle dat ook hulle My nie voortydig aan hierdie mense moet verraai nie, sodat die saak met die fariseërs nie bederf word nie. Laat die boodskapper en sanger Herme na my leerlinge gaan, hulle sal hom vir ons werk die nodige onderrig gee. Ek gaan met Ouran oor die toekomstige inrigting van sy staat praat en ook met Mathael en sy eggenote. - Nou weet jy waaraan jy toe is en wat jou te doen staan!"

[10] **Cyrenius** sê: "Ja goed, my Meester en my God, maar hoe sal ek kan sien wanneer hierdie groep van vyftig ortodokse Judeërs ryp sal wees vir U?"

[11] **Ek** sê: "Dit sal jy wel op die regte oomblik gewaar word na die middagmaal, wat ons vandag `n uur later sal gebruik. Maak jou maar geen sorg daaroor nie, en doen alles na behore en volgens My ewige, goddelike orde!"

[12] Cyrenius was met hierdie opdrag baie tevrede en vol vreugde dat Ek heeltemal ingestem het met sy behandeling van die fariseërs. Ek roep nou dadelik vir Rafael en gee hom die opdrag om homself ter beskikking van Cyrenius te stel.

[13] **Rafael** kom vinnig nader en sê: "Hier staan ek, om Elohim, u en alle mense wat van goeie wil is, deur die Krag en die Mag en in die Naam van die Meester te dien. Wees egter versigtig met wat u beveel, want ek sal alles uitvoer!"

[14] **Cyrenius** sê: "Vriend uit die hemele! As ek volgens my verstand te werk sou gaan, sou die een dwaasheid na die ander te voorskyn kom. Dat ek tot nou toe so `n sukses gehad het met die baie sluwe fariseërs, het ek slegs aan die Meester te danke, want Hy het my die woorde en die regte gedagtes in my hart ingegee. My aandeel daarin staan gelyk aan nul. Ek hoop en glo dat dit tot die einde toe so bly gaan! Onder hierdie leiding, vriend, kan ons met mekaar volgens die wil van die Meester, die verdere uitvoering van die werk aan die fariseërs, wel waag! Wat dink jy hiervan, vriend uit die hemele?

[15] **Rafael** sê: "Ag, dit is heelwat anders. In die gees is `n sonde by die uitvoering van die aangeleentheid gladnie denkbaar nie! Laat ons dus, innerlik verenig met Elohim se Krag, die werk weer `n aanvang laat neem!"

[16] Intussen het owerste Stahar hom versterk, en hy kom weer na Cyrenius terug en dank hom hartlik vir die weldaad wat aan hom bewys is.